# Welkom by NG The Reeds

## ‘n Veilige hawe vir nuwe hoop

## Een groot familie wat kyk na mekaar

Hand 4:32-37


Votum

# Seëngroet



# Lied 475: 1

Allerhoogste Hemelvader,

lofgesange prys u Naam.

In ons kerke, in ons huise

loof ons, dank ons U tesaam.

Hoor die loflied, vreugde-sange,

neem dit aan in Jesus Naam.

# L 475:2

Werk in u gemeente, Here
Vader, Seun en Heil'ge Gees
reinig ons deur u genade,
laat ons offers heilig wees;
U is heilig, maak óns heilig
deur die werking van u Gees.



# Handelinge 4:32-37

# VONKK 53:1

**Skuil by die Vader, Hy is genadig.**
**Daar’s niemand soos Hy nie,**
**Hy’s altyd getrou.**
**Hy is vol deernis, Hy ken jou onrus.**
**Sy liefde beskerm jou,**
**Hy’s altyd getrou.**

*Refrein:*

**O Vader, ons aanbid U,**
**voor U kom kniel ons neer.**
**O Vader, ons aanbid U,**
**ons kom vrymoedig weer,**
**want U's die Een by wie ek veilig skuil.**
**Ja, U's die Een by wie ek veilig skuil.**

**Skuil by die Vader, Hy trek jou nader.**
**Hy gee jou genade,**
**Hy's altyd by jou.**
**Hy sal vergewe, Hy gee jou lewe.**
**Hy hoor jou gebede,**
**jy kan Hom vertrou.**

*Refrein:*

**O Vader, ons aanbid U,**
**voor U kom kniel ons neer.**
**O Vader, ons aanbid U,**
**ons kom vrymoedig weer,**
**want U's die Een by wie ek veilig skuil.**
**Ja, U's die Een by wie ek veilig skuil.**



# Handelinge 4:32-37

# Struktuur van eerste deel van Handelinge

1:1-14 - Inleiding & hemelvaart

**Hand. 1:15-8:3 – <u>Eerste hoofdeel</u>**

- Vestiging van die kerk in Jerusalem
- Mattias in plek van Judas gekies
- Pinkster en sy gevolge
- **Stefanus se dood en begin van die vervolging**

Hand. 2: 1-42 – Pinkster en vervulling met HG

**Hand. 2:43-47 – Beskrywing van gemeente**

Hand. 3:1-4:31 – Weerstand teen getuienis

**Hand. 4: 32-37 – Beskrywing van gemeente**

Hand. 5:1-11 – Weerstand teen mededeelsaamheid

**Hand. 5: 12-16 – Beskrywing van gemeente**

Hand. 5:17-42 – Weerstand brei uit

32. Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel. 33. Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal. 34. Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring 35. en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

36. Josef 'n Leviet wat op Siprus gebore is en wat deur die apostels (die bynaam Barnabas gegee) Barnabas genoem is – dit beteken iemand wat mense moed inpraat (*seun van vertroosting*) – 37. het ook die grond wat hy gehad het, verkoop en die geld gebring en dit vir die apostels gegee.



# Geïsoleerd








# Die vroeë kerk



Met die eerste oogopslag lyk dit of dit net goed gegaan het met die eerste gemeente





Hulle leef in ‘n toenemend vyandige omgewing



# Hulle leef in armoede

Romeine het Jode ondersdruk

# Daar word teen hulle gediskrimineer

Jode het Christene afgesny





Die masjienerie van sisteem was teen hulle oopgedraai

Toenemend geïsoleerd



Tog skryf Lukas van die groei en omgee van die 1ste gemeente

Vraag is: Hoe kry hulle dit reg?



# 1. Gedryf deur die passie van die Opstanding (33)



# Kragdadig getuig van die Opstanding:

**Meer** as entoesiasties

- deur God se krag bevestig
- Met oortuiging,
- tmv teenkanting,
- getuienis deur tekens en wonders vergesel



Prakties beteken dit:

- Om verby moeilike omstandighede te kyk;
- Om te glo Hy is in ons teenwoordig;
- en te glo God kan iets nuuts hier begin



# Leef óns nog uit die passie van die Opstanding?



# 2. Een groot familie – een van hart en siel (32)



# Die rede vir die eenheid:

- Wat dit nie is nie?
- Wat dit wel is



# Wat behels die eenheid:

- Een van hart
- Een van siel



Is ons een groot familie wat een van hart en siel is?

Vraag is nie:
Wie is mý mense?

Maar:
Wie het God aan my gegee as geloofsfamilie



# 3. In ‘n wêreld wat nooit genoeg het nie deel die gemeente alles



Ons het nooit genoeg nie



In hierdie wêreld vestig God ‘n nuwe gemeenskap

Nuwe harte van oneselfsugtigheid wat deel



Is ons so ‘n nuwe gemeenskap wat alles deel?

Leer ons ons kinders om met nuwe harte te leef !



# 4. In ‘n wêreld van tekorte - ly niemand gebrek nie



Weier om onverskillig te staan teenoor die nood in geloofsfamilie

Wonder – nie dat armoede verdwyn, maar dat niemand alleen gelaat is nie

# Wat maak die kerk anders?

***The solution to poverty is not property. The solution to both poverty and property is community.***

Jürgen Moltmann



# Waar moet ons niemand alleen in hul nood laat nie?

- Matrieel
- Verhoudings
- Hoop
- Menswaardigheid



# Is ons 'n gemeenskap waar niemand gebrek ly nie?




# 5. In ‘n wêreld wat aanhou ontmoedig - **bemoedigers**



Dit is in ons aard om te ontmoedig



Encouragement = Franse Coeur: om ‘n hart in iemand te sit



# Ons moet streef na so ‘n bynaam

Om iemand op te help, te komplimnteer, te prys, aan te moedig, te dien wanneer hulle in nood verkeer – erkenning te gee



Gesinne plekke waar ons kan oefen



**Die vraag is nie:**
Het ek ‘n Barnabas in my lewe?

**Die vraag is**:
Vir wie roep God my om ‘n Barabas voor te wees?

**Een groot familie wat kyk na mekaar:**

- Deel dieselfde passie en hart
- Deel God se gawes
- Deel mekaar se laste
- Deel saam die getuienis van Jesus

# Gebed




Hierdie week wil ek
soos Barnabas vir .........
bemoedig/help."

# Lied 532: 1

Ons Vader, neem ons hande
en maak ons een.
Versterk u self die bande -
gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dade u Naam te eer.

# L 532:2

Heer, wees vir ons ‘n Vader

wat sorg en sien.

Trek ons in Christus nader

om U te dien.

Laat, Heer, u Gees ons voorgaan,

laat Hy ons lei,

dat ons u Woord gehoorsaam,

ons aan U wy.

**L 532:3**

**Leer ons mekaar vergewe,**

**mekaar vertrou.**

**Laat ons die hele lewe**

**op liefde bou.**

**Laat heers oor ons u vrede,**

**en bind ons saam.**

**Verhoor tog ons gebede**

**in Jesus Naam.**

# Seën

